

# **MITES RONDOM AFRIKAANS**

*Annette Marié Jordaan*

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad DLitt in  
die Departement Afrikaans, Fakulteit Geesteswetenskappe**

***UNIVERSITEIT VAN PRETORIA***

**Promotor: Prof. M.C.J. van Rensburg**

**APRIL 2004**

## Erkennings

Hiermee gee ek baie graag erkenning aan die volgende persone:

- Prof. Christo van Rensburg, my promotor, wat nooit voorskrywend is nie, maar wat 'n mens lei deur wyse vrae te vra en verbande aan te toon – dankie, Professor, vir die voorreg om saam met so 'n besondere promotor 'n klein deeltjie van die “taallandskap” van Afrikaans te kon verken;
- Prof. Elsa Nolte, my kollega en vriendin, wat my deurgaans aangemoedig het en wie se belangstelling 'n onmisbare bydrae gelewer het tot die afhandeling van hierdie proefskrif – dankie vir jou vriendskap en die voorbeeld van jou eie navorsingsuitnemendheid, Elsa;
- Prof. Hein Willemse, my departementshoof die afgelope jare, vir waardevolle navorsingstyd wat hy beskikbaar gemaak het en vir Joseph Campbell, Anderson, Castells, Moodie en Leonard Thompson – trammakassie, Hein;
- Prof. Vic Webb, die “groot indoena” van die taalpolitiek in die Departement Afrikaans, vir gesprekke, insigte en kalwers waarmee ek kon ploeg;
- Dr. Heinrich Grebe, by wie Afrikaans so diep in die grein lê, wat soveel belangstelling getoon het in die verloop van hierdie studie;
- Prof. Heinrich Ohlhoff, wat altyd beskikbaar is vir raad, en wie se deeglike werk in *Perspektief en Profiel* as inspirasie en naslaanbron vir veral hoofstuk 6 gedien het;
- Prof. Piet Roodt, wat my aan die begin van die studie reeds op Etienne Leroux en Jung gewys het, en wat vir my die goeie raad gegee het om – ook in moederverlore dae - aan te hou skryf;
- My ander kollegas – en vriende - by die Departement Afrikaans wat deurgaans belangstelling getoon en my aangemoedig het: Jurie Geldenhuys, Adelia Carstens, Susan Thembekwayo, Viola Milton, Rina Thom, Nico Snyman, Neil Cochrane, Hannelie Marx en ons wonderlike sekretaresse, Neeltjie Celliers;
- Mej. Rita Badenhorst van die Akademiese Inligtingsdiens, een van die mees toegewyde en bekwame inligtingkundiges onder die son, vir onmisbare hulp met die opspoor van bronne en ontbrekende bibliografiese inligting;

- Dr. Lize Kriel van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria vir 'n gesprek rondom “geskiedenis en waarheid” (my formulering) en vir insigte uit haar eie proefskrif, asook die verwysing na Hofmeyer en Munslow;
- Enkele lewende Afrikaanse taalsosioloë (naas prof. Christo, Vic Webb en Hein Willemse hierbo), van wie ek sommiges “effens” ken, maar ander nog nooit persoonlik ontmoet het nie, wie se kundige werk grootliks bygedra het tot die diskoers in hierdie proefskrif: J.C. Steyn, Hermann Giliomee, Hans du Plessis, Karel Prinsloo, Theo du Plessis en Alwyn van Gensen;
- My man, Chris, en ons vyf dogters – Annelet, Marenet, Christél, Lize en Jeanne - my skoonseun Ockie, my skoonma Aletta, my broer Lothar, skoonsuster Juliette en suster Linda, my swaer René en skoonsus Ida en my vriendinne – Toekie, Sanet, Ina, Lynette, Brigitte, Linda, Celeste, Corné, Elna en Ingrid – vir belangstelling en volgehoue aanmoediging. En Dinah Bambo wat intussen die “huisfort” help hou het. Ek is opreg dankbaar vir soveel onverdiende voorregte en vriendskappe.

Aan God die eer!

## INHOUDSOPGAWE

'n Woord vooraf.....	1
Oor mites en die mitiese.....	10
<b>Hoofstuk 1: Probleemstelling; teoretiese raamwerk en terminologie; werkwyse; verwagte uitkomst</b> .....	<b>12</b>
1.1 Probleemstelling.....	12
1.2 Miteskepping as belangrikste uitgangspunt in die probleemstelling...18	
1.3 Uitgangspunte.....	23
1.4 Spesifieke navorsingsvrae.....	25
1.5 Terreinafbakening.....	26
1.6 Teoretiese raamwerk.....	27
1.7 Terminologie en konsepte.....	29
1.8 Werkwyse.....	32
1.9 Verwagte uitkomst.....	33
<b>Hoofstuk 2: Die aard en funksies van mites (“Mites waardeur ons leef” – erkenning aan Samuel &amp; Thompson)</b> .....	<b>34</b>
2.1 Inleiding en doelstelling met die hoofstuk.....	34
2.1.1 Inleiding.....	34
2.1.2 Doelstelling met die hoofstuk.....	35
2.2 Die term <i>mite</i> .....	36
2.3 Mite vs. die mitologie.....	38
2.3.1 Die “mitologiese”.....	39
2.3.2 Die “mitiese”.....	41
2.4 Die aard en oorsprong van die mite.....	42
2.5 Die funksie van mites in die lewe van individue en gemeenskappe/volke.....	45
2.6 Die siening van Joseph Campbell oor die krag van mites.....	48
2.7 Mites en taal: die kognitiewe semantiek.....	51

2.7.1	“Kategorieë van die brein”.....	51
2.8	Mites vs. geskiedskrywing.....	53
2.9	Voorbeelde van die ontstaan van ’n mite: drie gevallestudies.....	57
2.9.1	Mites tydens ’n geveg, oproer of staking.....	57
2.9.2	Abraham Esau se oorlog, 1899-1901: mite en martelaarskap.....	57
2.9.3	’n Stuk outobiografiese vertelling: die belangrike rol van die “mitemaker/-skepper”.....	61
2.10	Samevatting.....	67

### **Hoofstuk 3: “Verbeelde gemeenskappe” en politieke miteskepping... 71**

3.1	Doelwit met die hoofstuk.....	71
3.2	Die mite van die eie groep (“verbeelde gemeenskappe” - erkenning aan Benedict Anderson).....	72
3.2.1	Inleiding.....	72
3.2.2	Die konstruksie van identiteit.....	72
3.2.3	Nasie, volk en nasionalisme.....	74
3.2.4	Geskiedenis van die ontstaan van nasionalisme.....	76
3.2.5	Die verband tussen nasionalisme en taal in die agtiende en negentiende .....	78
3.2.6	Nasionalisme in die twintigste eeu.....	79
3.2.7	Na die Eerste Wêreldoorlog.....	80
3.2.8	Na die Tweede Wêreldoorlog.....	80
3.2.9	Suid-Afrika in die dekades na die Tweede Wêreldoorlog.....	81
3.3	Politieke miteskepping/mitologie.....	82

### **Hoofstuk 4: Die eerste mite: Die liefdesband tussen Afrikaans en die Afrikaners (1875-1948)..... 90**

4.1	Inleiding, doelwitstelling en werkwyse.....	91
4.1.1	Inleiding.....	91
4.1.2	Doelwitstelling.....	93

4.1.3	Werkwyse.....	94
4.2	Agtergrond vir Augustus 1875.....	95
4.2.1	Boere en Afrikaners.....	95
4.2.2	Historiese gebeure voor 1875.....	100
4.3	14 Augustus 1875: die begin van die mite.....	105
4.4	Vaslegging van die mite (1875-1900).....	110
4.5	Die uitbreiding van die mite: Afrikanersolidariteit (1902-1915).....	113
4.5.1	Die impak van die Tweede Vryheidsoorlog op miteskepping.....	114
4.5.2	Die mite van die “volgehoue vryheidsdroom” (erkenning aan M.E.R.).....	116
4.5.3	C.J. Langenhoven se pleidooi vir Afrikaans as voertaal in die “laer” onderwys tydens die jaarvergadering van die “Zuid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Letteren en Kunst” te Bloemfontein in 1914...	121
4.5.4	Afrikaans as mitiese “middel tot die (politieke) opheffing en vereniging van Afrikaners”.....	124
4.6	Die mite “kry vlerke”: die stigting van die Nasionale Party en statusverwerwing vir Afrikaans (1915-1925).....	125
4.6.1	Die “Afrikaner-party” en Afrikaans.....	125
4.6.2	Miteskepping in die Afrikaanse pers, 1915.....	126
4.6.3	Die begin van die ekonomiese mobilisasie deur Afrikaners.....	128
4.6.4	Die Afrikaner-“Broederbond”.....	129
4.6.5	Ampstaalwording van Afrikaans.....	129
4.7	Die handhawing van die mite (1925-1938).....	131
4.7.1	Die “handhaaffase” van die “na-oorlogse taalbeweging”.....	131
4.7.2	Korpusontwikkeling ter ondersteuning van die mite.....	132
4.7.3	Vir en teen Afrikaans-moedertaalskole.....	132
4.7.4	Enkele gebeure in Afrikanergeledere en in die groter Suid-Afrika in die jare tussen 1923-1938 wat ’n impak op die gang van die mite gehad het.....	134
4.7.5	Die “simboliese ossewatrek”, 1938.....	137
4.8	Die mite seëvier: 1938-1948.....	139

4.8.1	Die Ossewa-brandwag.....	140
4.8.2	Die Reddingsdaadbond.....	140
4.8.3	Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en Smuts se besluit oor deelname.....	141
4.8.4	Die OB en die oorlogsjare.....	141
4.8.5	Die “1948-oorwinning” .....	145
4.9	Die rol van die Afrikaner se godsdiens in miteskepping.....	145
4.10.	Die vroeë Afrikaanse letterkunde en miteskepping.....	148
4.10.1	Voor 1900.....	149
4.10.2	Na 1900.....	152
4.11	Gevolgtrekkings.....	155
4.12	Samevatting.....	158

## **Hoofstuk 5: Die tweede mite: Afrikaans, die verdrukkerstaal (1948-1994)..... 160**

5.1	Inleiding en doelstelling met die hoofstuk.....	161
5.1.1	Persoonlike manifes.....	163
5.1.2	Die terminologie van die “apartheids-gesprek” .....	164
5.2	Die aanloop tot die mite.....	165
5.2.1	Die eerste jare na 1652.....	165
5.2.2	Die slawekwessie aan die Kaap.....	168
5.2.3	Die vestiging van die mite van wit dominansie gedurende die 18de en 19de eeue.....	170
5.2.4	Na die Anglo-Boereoorlog: Die soeke na ’n “witmansland” (erkenning aan Giliomee, 2003).....	172
5.2.5	Die vestiging van die mite van eksklusiewe Afrikaner-etnisiteit en die Afrikaner- burgerlike godsdiens (1938 tot 1948).....	177
5.3	Die institusionalisering van die mite: Die apartheidsjare (1948 en verder).....	180
5.4	Die bruin mense, “bruin” mites en Afrikaans.....	184
5.4.1	Herkoms, status en impak op Afrikaans in die vroeë Kaapse	

geskiedenis.....	184
5.4.1.1 Herkoms.....	184
5.4.1.2 Status van die bruin mense in die vroeë Kaapse geskiedenis.....	186
5.4.1.3 Die Kaapse Moesliemgemeenskap en die Afrikaanse publikasies in die negentiende eeu.....	188
5.4.2 Die twintigste eeu.....	189
5.4.3 “Bruin” mites en Afrikaans.....	190
5.4.4 Die invloed van die Britte op “bruin” mites voor 1948.....	192
5.4.5 “Bruin” miteskepping na 1948.....	194
5.4.6 Die impak van “bruin” apartheidsmites op Afrikaans: die sewentigerjare .....	197
5.4.7 Die tagtigerjare: “So naby mekaar en tog só ver apart .....	201
5.4.8 Die negentigerjare: “Nineteen-ninety four [daai djaar van waterskeiding vi’ ons land]”.....	205
5.4.9 Teenoor verdrukking: bevryding.....	209
5.5 “Swart” mites rondom Afrikaans as verdrukkerstaal: die apartheidsjare.....	210
5.5.1 Inleiding.....	211
5.5.2 Die “verhouding” tussen swart mense en Afrikaans voor 1948.....	212
5.5.3 Die ontwaking van “swart” bewussyn en die miteskeppende rol van die ANC en PAC.....	213
5.5.4 “Deur die oog van ’n naald”.....	219
5.5.5 Die 1976-onluste.....	221
5.5.6 Die narratiewe van die apartheidslagoffers voor die WVK en die gepaardgaande miteskepping rondom Afrikaans/ die Afrikaners.....	224
5.5.6.1 Die verhaal as “waarheid” .....	225
5.5.6.2 Miteskepping in die WVK-narratiewe rondom Afrikaans/ die Afrikaners.....	228



5.6	Samevatting.....	232
-----	------------------	-----

## **Hoofstuk 6: Die neerslag van die mites..... 235**

6.1	Inleiding en doelstelling met die hoofstuk.....	236
6.2	Die Afrikaanse historiografie.....	240
6.3	Die onderwys/-leerplanne.....	252
6.4	Die Afrikaanse letterkunde.....	261
6.4.1	Inleiding.....	261
6.4.2	Die “Afrikanermite” en die letterkunde.....	262
6.4.3	Die “verdrukkingsmite” en die “protes/-bevrydingsmite” en die gepaardgaande ont-/hermitologisering van die “Afrikanermite” in die Afrikaanse letterkunde.....	269
6.5	Die polemieë rondom “Kersliedjie” van D.J. Opperman (as voorbeeld van die impak van miteskepping by sommige van die deelnemende polemici).....	292
6.6	Samevatting.....	299

## **Hoofstuk 7: En nou, Afrikaans? (Erkenning aan Hans du Plessis).... 300**

7.1	Inleiding en doelstelling met die hoofstuk.....	300
7.1.1	Inleiding.....	300
7.1.2	Doelstellings met die hoofstuk.....	305
7.2	Samevatting van hoofstukke 2- 6.....	305
7.2.1	“Mites waarmee ons leef”.....	305
7.2.2	“Verbeelde gemeenskappe” en politieke miteskepping.....	306
7.2.3	Die mite van Afrikaans en die Afrikaners.....	309
7.2.4	Die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal.....	312
7.2.5	Die neerslag van die mites.....	315
7.2.6	Gevolgtrekkings.....	320
7.3	Die mites rondom Afrikaans na 1994.....	322

7.3.1	Inleiding: standpunte van taalsosioloë in die aanloop tot 1994....	322
7.3.2	Die WVK (1996-1998).....	325
7.3.3	“Boetman is die bliksem in” (2000-2001).....	325
7.3.4	Die verskyning van Hermann Giliomee se “biografie van ’n volk” ( <i>The Afrikaners: biography of a people</i> ) (2003).....	329
7.3.5	Die “versteuring van veilige patrone” .....	330
7.4	En nou, Afrikaans?.....	332
7.4.1	Het die “wonderboom” geval? (Erkenning aan J.C. Steyn en Réna Pretorius).....	335
7.5	Slotsom van die ondersoek.....	336
7.6	Aanbevelings.....	336
7.6.1	Leef saam met die mites.....	337
7.6.2	“Liesit, praattit, skryffit, ontginnit en bedryffit” (Erkenning aan Marius F. Titus – uit “Skryfwerk”).....	338
7.6.3	Wees ’n miteskepper rondom die rol van Afrikaans in Suid-Afrika....	342
	<b>Bibliografie.....</b>	<b>347</b>
	<b>Samevatting.....</b>	<b>361</b>
	<b>Summary.....</b>	<b>364</b>

## 'n Woord vooraf

Hierdie proefskrif oor mites rondom my “moedertaal” ('n mities-gelaaide frase) is - in die woorde van een van Afrikaans se grootste miteskeppers, M.E.R. – “my beskeie deel” wanneer dit kom by 'n bydrae tot die volgehoue gesprek rondom Afrikaans.

Die “woord vooraf” word in werklikheid laaste geskryf. Die aanhalings rondom mites wat later volg, gee kerngedagtes weer rondom die aard en funksie van mites soos byeengebring uit die werk van verskeie denkers, filosowe, letterkundiges en – kom ons noem hulle maar so – mitoloë wie se werk rondom mites as eerste ondersoekterrein vir die proefskrif gegeld het. Daar word met die spesifieke aanhalings gepoog om die aard, impak en veral die singewende rol van mites te verwoord.

Die proefskrif val binne die oorkoepelende raamwerk van die taalsosiologie en sosiolinguistiek, en meer spesifiek die taalpolitiek, waarbinne taal gesien word as 'n merker van sosio-kulturele identiteit (vgl. Webb 1992:9). Die primêre vertrekpunt is die vraag of miteskepping rondom Afrikaans in (veral) die twintigste eeu deels verantwoordelik is vir die huidige (moontlik) problematiese situasie rondom Afrikaans.

Daar sal in die loop van die diskoers eksemplaries gewys word op die mate waarin bepaalde mites rondom Afrikaans sin gegee het aan die bestaan van die mense binne wie se groep die mites ontstaan het. Daar sal ook geargumenteer word dat dieselfde mites in 'n groot mate nog steeds as die “heilige” waarheid geglo word binne die betrokke groepe. My bydrae is dan om miteskepping telkens eksplisiet te verwoord as die invalshoek van die betoog oor die geskiedenis, rol en stand van Afrikaans binne die Suid-Afrikaanse werklikheid.

Dit is myns insiens nie moontlik om oor Afrikaans te praat sonder om die kwessie van miteskepping te betrek nie. Talle kundiges op die terrein het dit dan ook in soveel woorde of by implikasie reeds gedoen. Miteskepping as fenomeen was egter so ver ek kon vasstel nog nie die sentrale uitgangspunt in 'n ondersoek van hierdie aard rondom Afrikaans nie.

In hoofstukke 4 en 5 word twee (grootliks) opponerende mites rondom Afrikaans bespreek, nl.

- die mite “Afrikaans, taal van die Afrikaner” wat sy beslag gekry het in veral die eerste vyftig jaar van die twintigste eeu, en
- die mite “Afrikaans, verdrukkerstaal” wat weer veral beslag gekry het in die tydperk van geïnstusionaliseerde apartheid.

Die kernvraag is dan ook nie in elke geval of die betrokke mite “waar” of “vals” is nie (of meer nog: watter mite waar en watter vals is nie), maar wel wat die impak van die mite op die taal en sy sprekers was. Daarom is die titel van die proefskrif: “Mites rondom *Afrikaans*.”

Daar moet op gewys word dat aspekte van die bespreking van die twee mites ook narratiewe en stories binne die kontekste van die betrokke mites as deel van miteskepping en mitebevestiging sal betrek. Elkeen van die narratiewe (bv. die WVK-narratiewe as deel van die hoofstuk oor die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal) verteenwoordig dan nie telkens 'n spesifieke singewende mite wat uitgespel kan word nie, maar word betrek om die wyer konteks van miteskepping rondom Afrikaans as verdrukkerstaal te verhelder.

Die term “mite” kan vanuit soveel verskillende dissiplines benader word dat dit 'n komplekse saak is om dit met die oog op hierdie studie in een enkele definisie vas te pen. Dit is waarskynlik naaste aan die waarheid – hoewel “waarheid” ook weer 'n veelkantige begrip is – om te sê dat “mite” en “'n narratief of storie oor die singewende fasette van die menslike bestaan”, in 'n hoë mate in die proefskrif

aan mekaar gelyk gestel word. Daarom is 'n kernuitgangspunt dié van een van die belangrikste mitoloë van die twintigste eeu, Joseph Campbell, wat beweer dat mites *stories* is van die mens se soeke deur al die eeue na waarheid, betekenis en singewing (“truth, meaning, significance”) (in Flowers 1988:5).

'n Belangrike aspek rondom die begrip is ook dat daar - in die woorde van Conradie (sien die aanhaling later) - 'n “ontwykende kern” in elke mite is wat hoegenaamd nie met redelike begrippe bereik kan word nie. Hierdie “buite-redelike” aspek van die mite is daarom ook een van die uitgangspunte wat baie belangrik is vir die diskoers in hierdie proefskrif. Dit gaan nie noodwendig oor wat ons weet nie; dit gaan oor *wat ons glo dat ons weet*.

Die onderwerp van mites is dan by nabetragting in 'n sekere sin te omvangryk om deeglik te verreken in 'n akademiese studie van hierdie aard. Maar, soos in 'n latere aanhaling (in hoofstuk 4) van M.E.R. : “die droom bly”. En saam met die droom is daar die poging om te probeer sin maak van “*die mites waarmee ons leef*” (hoofstuk 2).

*Ons* in bogenoemde is hier die inklusiewe “ons” van die menslike bestaan: ons wat meer is as stof, meer as die diere, wat (volgens ons mites) lewende en onsterflike siele in ons omdra, ons wat dink, wat leef om meer as brood te wys vir ons werk en bemoeienisse op aarde, wat omgee, en wonder en vra: veral vra – want om te vra, is om te soek, en om te soek is om sin te probeer maak.

Waarvan probeer ons sin maak? *Juis van dié dinge wat volgens die mites waarmee ons leef sin kan géé aan ons bestaan*. Ons wil bv. weet waar ons vandaan kom, waarom ons is wie ons is, watter verskil ons lewe op aarde maak en waarheen ons op pad is. (Om maar 'n paar te noem.) Wanneer hierdie soeke na sinvolheid aan die hand van 'n mite verklaar en geïnternaliseer word, glo ons die betrokke mite in die “diepst van (ons) gedachten” en in die “binnenst

van (ons) ziel...” (om Kloos aan te pas). So 'n mite word dan vir ons 'n *geloofsekerheid*.

Die ironiese of paradoksale aspek van 'n “geloofsekerheid” is dat dit in 'n sekere sin twee begrippe versoen wat oënskynlik onversoenbaar is, maar wel bv. in die Christelike teologie versoen word. In Hebreërs 11:1 word “om te glo” omskryf as:

... om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van dinge wat ons nie sien nie.”

Suiwer empiries gesproke is dit immers nie moontlik om “seker te wees” van dinge waarop ons eintlik net “hoop” nie en eweneens ook nie om “oortuig te wees” van dinge wat “onsigbaar” is nie. Dit is egter myns insiens die fundamentele aspek van die mite: ons is seker van die waarheid daarvan, selfs al is die inhoud nie noodwendig empiries bewysbaar nie. Die rede waarom ons “seker is” van die mites waarmee ons leef, is omdat ons hele bestaan as geestelike wesens afhang van die geloofwaardigheid van ons mites. Ons *durf* daarom in 'n sekere sin nie ons mites betwyfel nie omdat dit die sinvolheid van ons bestaan in die gedrang kan bring. Dit geld individue, maar ook groepe as entiteite waarbinne individue hulle skaar in wat Anderson (soos in hoofstuk 3 uiteengesit) “verbeelde gemeenskappe” noem.

Dit gaan ook nie in hierdie diskoers om die (redelik oppervlakkige) simbole of eietydse miteskepping wat vir baie mense die lewe interessant en plesierig maak nie. Voorbeelde hiervan is Blou Bul-truie en -horings, McDonald's-uithangborde, en meer as lewensgroot advertensies van voorkeurbiersoorte. Al dié “warmte-rondom-die-hart”-simbole word gedryf – en gemitologiseer - deur die geweldige impak van die propagandaskeppende media van die verbruikersera.

'n Belangrike faktor in eietydse miteskepping is die rol van globalisering, waardeur sekere simbole nou gedeelde mites word. Soos in die werk van Roland Barthes en ander sou daar 'n volledige studie aan hierdie “nuwe mites” van die twintigste-eeuse (nou: een-en-twintigste-eeuse) mens gewy kon word.

Daar word ook nie hiermee beweer dat hierdie eietydse mites geen verband hou met die mites wat in die proefskrif aan die orde gestel word nie. Mites genereer steeds verdere mites, en elke poging tot ontmitologisering werk nuwe en verskerpte miteskepping in die hand. Hierdie eietydse mites is egter nie die fokus van hierdie studie nie.

Die mites waarmee in die diskoers hierna omgegaan word se singewing lê op 'n dieper vlak as dié van bobotie, bier en boerewors. Die uitgangspunt, soos in 'n latere aanhaling van Adam Small (in hoofstuk 5) verwoord word, is dat die “essentials van die dinge” en die “memories” bly voortbestaan en uiteindelik gereduseer word tot 'n “storie” – en binne hierdie diskoers dan tot 'n mite.

Mites wat ter sprake kom, is bv. die “ontstaansmites” van groepe asook mites rondom die groep se “helde” wat daarop gerig is om selfrespek en 'n gevoel van eiewaarde te kweek. Laasgenoemde mites word onder meer deur ouers of grootouers in kinderkamers of rondom kampvure as slaapydstories of slaaplidjies oorgedra (vgl. die outobiografiese vertelling in hoofstuk 2).

Andersyds word daar egter ook dikwels verwys na “radikale mites” wat veral verband hou met politieke miteskepping en wat weer daarop gerig is om die ander groep se mites te probeer ontmitologiseer of selfs demoniseer. Albei die genoemde soorte mites (d.w.s. sowel ontstaansmites asook radikale mites) word in hoofstuk 3 verder bespreek na aanleiding van die insigte van Leonard Thompson en vind ook neerslag in die uiteensetting van die twee “hoof”-mites rondom Afrikaans in hoofstukke 4 en 5.

Die uitgangspunt rondom mites in hierdie proefskrif is dan dié van mites as stories rondom sin in die lewe van die soekende mens. Leroux word onder meer aangehaal (in hoofstuk 2): die mens kan eerder sterf van honger as om sonder sy mite te leef. Die rede hiervoor is dat die mens sonder 'n mite per slot van sake nie veel meer as 'n verganklike wese sonder doel of rigting is nie. Die

inhoude van bepaalde mites kan dus moontlik oor tyd aangepas word as gevolg van nuwe omstandighede en nuwe behoeftes van die groep waarbinne hulle ontstaan het, maar die behoefte aan die mite se singewende rol bly voortbestaan.

Enige mite kan van alle kante bekyk en beskryf word. Dit kan uitgebou of gedekonstrueer word deur die beredenerings van mense wat hulle eie mite wil bevestig deur “die ander” se mite as vals of onhoudbaar te bewys. Andersyds sou dit kan gebeur dat polemici die mite wat hulle besig is om te dekonstrueer, in werklikheid self “in die binnenst van (hun) ziel” glo, maar nogtans wil bewys dat hulle dit wel kán dekonstrueer. So ’n dekonstruksieproses kan dus net ’n serebrale oefening wees, terwyl die persoon wat daarmee besig is, nie werklik daarin slaag om die mite in sy eie lewe te dekonstrueer nie.

Mites kan “gekaap” word deur politieke figure, uitgebuit word deur bemarkers, ingespan word deur skrywers en ontrafel word deur eksegete. Die kaping van mites deur politieke figure en ander openbare leiers vir propagandadoeleindes en die dryf van hulle persoonlike ambisies word wel in die loop van die diskoers verreken. Daar word egter daarop gewys dat die feit dat mites wel soms vir minder “edele” doeleindes ingespan word, nie die singewende rol van die mite vir diegene wat daarin glo, ongeldig kan maak nie.

Sentraal tot die diskoers is dus die mens se geloof in die wesentlike geldigheid van dié mites waarmee hy van jongs af geleef het. Soos reeds gesê, kan mites mettertyd verander en aangepas word en in sekere omstandighede kan daar selfs mites wees wat uitgedien raak en derhalwe verdwyn. ’n Belangrike uitgangspunt van die proefskrif is egter dat mites nie maklik binne een geslag ontmitologiseer of selfs hermitologiseer kan word nie. Die rede hiervoor is dat die mite vir diegene wat daarin glo, so diep verweef is met die sin van hulle bestaan dat hierdie bestaan nie sonder die mite ingedink kan word nie. Die



sinvolheid van hulle lewe word gemeet in terme van die “waarheidskwaliteit” van die spesifieke mite.

Dit sal egter uit die bespreking blyk dat “waarheid” selde of ooit werklik volledig bewys kan word en dat selfs historici soos Samuel & Thompson, na wie se insigte daar dikwels in hoofstuk 2 en later verwys word, dit hiermee eens is. Die waarheid wat egter wel voorgehou word en wat die fokuspunt van die diskoers is, is die waarheid van die mite vir diegene wat daarin glo: ’n waarheid wat dieper lê as die rede en die redelike. In hierdie sin kan die term *mite* dus beswaarlik, soos in die *HAT*-definisie (in hoofstuk 2 uitgewys), verklaar word as ’n “storie sonder grond.”

’n Mite ontstaan gewoonlik oor ’n relatiewe lang tyd en word eers mettertyd binne ’n groep as die waarheid erken en geïnternaliseer. Hierdie proses kan twee kante hê: politieke figure kan doelbewus mites skep met die oog daarop om mense te beïnvloed en te manipuleer. In hierdie geval kan miteskepping in werklikheid met politieke propaganda gelyk gestel word. Andersyds kan mites egter by die gewone mense van ’n groep ontstaan (hoewel in wisselwerking met die groep se intellektuele leiers). ’n Mite wat so ontstaan, gee dan rigting aan die groepslede se bestaan, en kan eers later deur die politieke leiers ingespan word om sekere oogmerke te bereik. Dit is veral hierdie “spontane” mitevorming in die kollektiewe onbewuste van groepe deur sosialisering en gedeelde historiese werklikhede en bestaansvorme wat die fokus van die diskoers in hierdie proefskrif is. (Vergelyk ook die uitgangspunte en navorsingsvrae in hoofstuk 1 hierna.)

’n Belangrike uitgangspunt rondom mites is verder dat dit nie moontlik is om ’n nuwe mite as ’t ware oornag te skep nie. In hoofstuk 2 word die ontstaan van mites deur ’n outonome proses van simboolvorming in die diepste lae van die sogenaamde kollektiewe onbewuste (aan die hand van Jung se uiteensetting) verduidelik. Jung se gevolgtrekking is dat die mite geen waarde het as dit ’n

“verstandelike konkoksie” is nie (Leroux in Kannemeyer 1980:18-19). ’n Kunsmatig geskepte mite sal derhalwe nooit die “waarheidskwaliteit” vertoon van ’n ware mite nie. So bv. het die mite van die “bevryding” van Afrikaans van die “albatros om sy nek” wat ná 1994 “verkondig” is (om ’n frase te gebruik wat by implikasie negatief is), myns insiens nog nie werklik as lewende mite posgevat nie. Die rede hiervoor is dat die nuut geskepte mite tans nog in stryd is met bestaande mites wat op ’n dieper vlak steeds waar gebly het.

Ook die mite van die “reënboognasie” - met Engels as sy taal van nasionale eenheid – kan beswaarlik ’n lewende mite word omdat dit lynreg in stryd is met een van die mites rondom Afrikaans wat in hierdie proefskrif aan die orde gestel word en waarvoor mense in sommige gevalle letterlik, en in sommige gevalle metafories, bereid was en sou wees om te sterf.

In die bespreking van die mites rondom Afrikaans word die *feitelike gebeure* anekdoties en eksemplaries aan die orde gestel. Die feitelike is naamlik dikwels die “grondstof” waaruit – metafories gesproke – die mite voedingskrag put vir sy groei. Die “mite van die Afrikanervolk” (wat in hoofstuk 4 bespreek word) het bv. oor ’n lang tyd ontstaan en gegroei, maar dit het momentum gekry en werklik mitiese afmetings aangeneem as gevolg van die traumatiese *gebeure* rondom die Anglo-Boereoorlog. Die mite van “Afrikaans as verdrukkerstaal” (wat weer in hoofstuk 5 uiteengesit word) het ’n lang aanloop in die koloniale geskiedenis van Suid-Afrika gehad, maar het weer momentum gekry ná *gebeure* soos Sharpeville en Soweto 1976 en die dood van Hector Petersen.

Die doel van die eksemplariese werkswyse is dan enersyds om te bewys dat miteskepping vanuit verskillende hoeke rondom Afrikaans wel plaasgevind het en andersyds om die impak van die betrokke mite, as deel van die “storie van Afrikaans”, te verwoord. Die fokuspunt van die diskoers is egter nie die gebeure self nie, maar die ontstaan en impak van die betrokke mite. Die doelwit hiermee is om te wys op die mate waarin mites rondom Afrikaans vir individue, maar in

die konteks van die taalsosiologie en taalpolitiek veral ook vir groepe, hulle eie bestaan verklaar en verhelder het.

Op grond van die uitgangspunt hierbo dat mites en stories/ narratiewe grootliks verband hou met mekaar (en in die diskoers dikwels sinoniem gebruik word) volg die afleiding dat daar saam met elkeen van die twee “hoof”-mites rondom Afrikaans wat in hierdie proefskrif bespreek word, ’n legio ander mites (of stories) gegroei het. Dit moet onomwonde gestel word dat dit vanweë die omvang daarvan nie moontlik is om al die mites en mitiese figure wat deel uitmaak van die “storie van Afrikaans” selfs net te noem nie. Hieruit volg dat ’n seleksie noodwendig gemaak moes word. Daar word egter nie beweer dat die voorbeelde naastenby alle miteskepping rondom Afrikaans verteenwoordig nie.

Dit is wel so dat die resultaat van die ondersoek die indruk kan skep van ’n polemiese gesprek rondom Afrikaans. Die rede hiervoor is dat verskillende persone na wie se uitgangpunte en bydraes tot miteskepping verwys word, dikwels verskillende standpunte rondom Afrikaans (ge)huldig (het). ’n Diskoers oor mites rondom Afrikaans – en mites in die algemeen – is, soos gesê, ’n komplekse saak. Selfs die term “mite” is moeilik vas te vang binne ’n enkele klinkklare definisie. Die rol van miteskepping kan ook nie afdoende empiries bewys word nie. Uiteindelik is die vraag of die ondersoek kan meehelp om die rol van miteskepping in die “storie van Afrikaans” uit te wys en om sekere aanbevelings te maak oor die hantering van uiteenlopende mites rondom Afrikaans in die huidige bestel. Daar word in hierdie verband na die gevolgtrekkings en slotopmerkings in hoofstuk 7 verwys.

Die volgende aanhalings rondom mites, miteskepping en stories as “singewing aan die eie bestaan” kan dan beskou word as sentraal tot die diskoers in hierdie proefskrif omdat hulle lig werp op die uitgangspunt van mites (en ook van narratiewe of stories) as singewende en waarheidskeppende kragte in die mens se bestaan. (Kursiverings is my eie ter wille van beklemtoning.)

### ***Oor mites en die mitiese...***

Die mite mag miskien 'n blote 'fiktiewe' verhaal wees volgens die populêre en *verkeerde definisie*, maar *die krag daaragter* is 'n onomstootlike werklikheid. Die hele verloop van geskiedenis kan verander word onder die aanslag daarvan... (Leroux 1960 in Kannemeyer 1980:12).

Daar is 'n *ontwykende kern* in elke mite wat ons hoegenaamd nie met *redelike begrippe* kan bereik nie (Conradie 1964:10).

For it is only our consciousness that does not yet know; the unconscious seems already informed.... (Jung 1964:78).

Throughout the inhabited world, in all times and under every circumstance, the myths of man have flourished... It would not be too much to say that myth is the secret opening through which the inexhaustible energies of the cosmos pour into human cultural manifestation (Campbell 1972:3).

Die mite (Gr. muthos, verhaal) is sedert die vroegste tye die mens se manier om deur middel van 'n eenvoudige vertelling *die sin, samehang en doel van die kosmos te verklaar*. *Die mitiese vertelling beskryf op epiese wyse [...] die herkoms en uiteinde van die dinge...* (Malan 1978:39).

Myths are stories of our search through the ages *for truth, for meaning, for significance...* (Campbell in Flowers 1988:5).

... myth is a fundamental component of human thought. One has only to consider the magical feelings attaching to authority, or the glamour attributed to celebrities, or the power of divided historical origins and cultural traditions to set modern communities – in Ireland or Israel, Sri Lanka or the Lebanon – tearing themselves apart, to see that myth has lost neither its *imaginative purchase* nor its *living power* as a historical force today (Samuel & Thompson (reds.) 1990:4).

We know of no people without names, no languages or cultures in which some manner of distinction between self and other, we and they, are not made [...] Self-knowledge – always a *construction* (dus: miteskepping – AMJ) *no matter how much it feels like a discovery* – is never altogether separable from claims to be known in specific ways by others (Calhoun 1994:9-10).

En alles

- *die essentials vannie dinge Here* - is niks  
ma' niks oek minder  
as 'n storie ...

(Adam Small 1994: *nuwe verse*)

I am busy with the truth ... *my truth*. Of course, *it's quilted together from hundreds of stories* that we've experienced or heard about in the past two years. Seen from my perspective, shaped by my state of mind at the time and now also by the audience I'm telling the story to. *In every story there is hearsay, there is grouping together of things* that didn't necessarily happen together, there are assumptions, there are exaggerations [...], there is downplaying ... *And all of this makes up the whole country's truth* (Krog 1998:170,171).

*We make sense of things* by fitting them into stories... Nations tell stories of their past in terms of which they try to shape their futures ( Krog 1998:196).

We all are, I suppose. Trying to *invent our version of the story*. All human odes are essentially one: 'My life: what I stole from history, and how I live with it' (Kingsolver 1999:492).

"Dis nie die storie wat jy ons vantevore vertel het oor hoe jou mense hier gekom het nie, " maak Katja beswaar. "Oor die twee broers by die groot boom." Kahapa haal sy skouers in die donker op. "*Ons het baie stories,*" sê hy. "*En al die stories is waar. Jy moet net reg leer luister ...*" (Brink, 2002: 202).